EKUMENIESE BELYDENISSKRIFTE

C.F.A. Borchardt

In die voorlopige proefvertaling van die belydenisskrifte word verwys na die "ekumeniese belydenisskrifte". Daarmee word bedoel die Apostoliese geloofsbelydenis, die geloofsbelydenis van Nicea en die belydenis van die Atanasius. Die woord "ekumenies" beteken "die hele bewoonde wêreld, algemeen, universeel" en as voorbeeld word aangegee die "ekumeniese belydenisskrifte, simbole" wat dui op "belydenisse van die vroeë Christelike Kerk, wat deur alle Christelike Kerke erken word".[1] Met verwysing na die drie ou belydenisse van die vroeë Christelike kerk verklaar Schaff: "they are the common property of all churches".[2] Ons wil kortliks hierdie saak ondersoek.

Die Apostoliese geloofsbelydenis

Vir eeue lank is geglo dat die apostels self die Apostolicum opgestel het. Die eerste verwysing na die apostoliese oorsprong van die twaalf artikels kom voor in 'n brief aan pous Siricius van 'n sinode wat in Milaan gehou is. Waarskynlik is dit deur Ambrosius opgestel[3]. In die brief word gemeld dat "geglo word in die simbool van die apostels wat die kerk van Rome altyd suiwer bewaar het".[4] In 'n werk wat waarskynlik deur Ambrosius geskrywe is, is gesê dat die apostels bymekaar gekom het en 'n kort geloofsbelydenis opgestel het[5]. In Rufinus se kommentaar oor die apostoliese simbool (404 n.C.) vertel hy dat die apostels die opdrag ontvang het om die evangelie aan almal te verkondig. Met die oog daarop dat hulle uit een mond sou praat, het hulle byeengekom en 'n kort belydenis opgestel waarin elkeen 'n bydrae gelewer het[6].

So is die legende dat die apostels self die belydenis opgestel het, verbrei. Sommige kerkvaders was tevrede dat die apostels in die algemeen verantwoordelik was vir die opstel van die belydenis terwyl ander die afsonderlike artikels aan bepaalde apostels toegeskrywe het. Die volledige legende vind ons in 'n preek wat ten onregte aan Augustinus toegeskrywe is. Daarvolgens sou Petrus begin het deur te sê: "ek glo in God die Vader, die Almagtige ens." totdat Mattias die laaste artikel bygevoeg het te wete "die ewige lewe"[7].

As dit inderdaad die geval was dat die apostels die Apostolicum opgestel het, sou daar natuurlik geen probleem oor die ekumeniese karakter daarvan gewees het nie. Ongelukkig is dit nie die geval nie. Op die konsilie te Ferrara-Florence in 1438 waar daar probeer is om toenadering te bewerkstellig tussen Oos en Wes, het die Apostolicum ter sprake gekom. Marcus Eugenicus,die aarts=

biskop van Efese, het verklaar dat hulle in die Ooste nie die apostoliese belydenis besit of erken nie.[8] 'n Goeie argument wat onder andere gebruik is, was dat die boek Handelinge niks van so 'n belydenis vermeld het nie.

Tydens die renaissance is die apostoliese outeurskap van die Apostolicum deur Lorenzo Valla (1406-57) en Reginald Pecock, biskop van Chicester (1450) in twyfel getrek. Later het C.J. Voss (1642) en aartsbiskop Ussher (1647) die valsheid van die legende afdoende aangetoon. Hoewel navorsers daarna nog weer aan die apostoliese outeurskap vasgehou het, word vandag algemeen aanvaar dat dit nie die geval is nie.

Waarskynlik het die Apostolicum in die suidweste van Gallië ontstaan en in sy huidige vorm vind ons dit vir die eerste keer in 'n werk van Priminius (710-724). Tussen die negende en elfde eeu is die Apostolicum ook in Rome aanvaar, ongeveer teen dieselfde tyd as wat die Konstantinopolitanum met die toevoeging van die "filioque" in die mis gesing is.[9]

Hiermee is ons midde in die probleem van die ekumeniese karakter van die belydenis. Saam met die sogenaamde Niceense belydenis en die Athanasianum het dit hoë aansien by die Hervormers geniet. Luther neem hulle "die drey Symbola oder Bekenntnis des glaubens Christi jnn der Kirchen eintrechtiglich gebraucht".[10] In die Formula Concordiae word hulle genoem "die drie algemene simbole (tria illa catholica et generalia ...Symbola)".[11]

Ook die Gereformeerde belydenisse het genoemde drie belydenisse hoog geëer. In artikel 5 van die Confessio Gallicana word bely dat ons hulle aanvaar omdat hulle in ooreenstemming is met die Woord van God. In artikel 9 van die Nederlandse geloofbelydenis word iets dergeliks bely. Die "Thirty nine articles" van die Kerk van Engeland bely in artikel 8 dat die drie simbole heeltemal (omnino) aanvaar en geglo moet word omdat hulle deur die allersterkste getuienisse van die Skrifte bewys kan word.[12]

Is die Apostolicum ekumenies? Die feit is dat die Oosterse Kerk dit nog nooit amptelik aanvaar het nie. Daarom is dit ook onjuis om die gemeente op te roep met die woorde om belydenis te doen van die belydenis van die kerk van alle tye en alle plekke.

Atanasiaanse belydenis

Hieroor kan ons baie korter handel. Hoewel dit die naam van Atanasius dra, is dit beslis nie deur hom geskrywe nie. Ons weet trouens nie wie die outeur was nie en in dié verband word 'n hele aantal name van kerkvaders genoem. Die belydenis is waarskynlik tussen 430 en 589 deur 'n onbekende skrywer, moontlik in Noord-Afrika of in Spanje opgestel.[13] 'n Sinode van Autun ($\pm$ 670) het bepaal dat die geestelikes dit van buite moes leer anders sou hulle gestraf word. Dit is in die tyd van Karel die Grote na die preek vir die gemeentelede voorgesê.[14]

Soos hierbo reeds aangedui, het die Lutherse en Gereformeerde kerke dit saam met die Apostolicum en sogenaamde Nicaenum as outoritatief aanvaar. Ook in die "Thirty nine articles" is dit, soos ons hierbo gesien het, as outoritatief beskou maar die Amerikaanse hersiening van die 39 artikels in 1801 het dit weggelaat en noem slegs die Nicaenum en Apostolicum. Volgens Loofs is daar egter tans 'n hele aantal protestantse kerke wat die Athanasianum nie meer aanvaar nie bv. Mennoniete, Metodiste, Switserse en Franse Gereformeerde Kerke. Daarom meen Loofs dat dit nog minder as die Apostolicum en Nicaenum aanspraak kan maak op die titel ekumenies.[15] Selfs Schaff gee toe dat in die geval van die Athanasianum "the term oecumenical applies only in a qualified sense".[16] Die Oosterse Kerke het hierdie belydenis ook nooit offisieel aanvaar of kerklike sanksie daaraan verleen nie. Dit is ook vanselfsprekend omdat dit die filioque-leer huldig.

Die Niceense belydenis

Hierdie belydenis is nie die een wat tydens die konsilie te Nicea in 325 opgestel is nie, maar wel die uitbreiding daarvan wat op die tweede ekumeniese konsilie in Konstantinopel in 381 aanvaar is. Maar soos bekend, is die term "filioque" wat in die Ooste so verwerplik is, later in die belydenis ingevoeg. Hoewel die pouse in Rome dit skoorvoetend moes erken, het hulle dit eers later, ongeveer in die elfde eeu in hul liturgie in Rome opgeneem.

Is hierdie drie belydenisse wel ekumenies? Wanneer Schaff beweer dat hulle "are to this day either formally or tacitly acknowledged in the Greek, the Latin and the Evangelical Protestant Churches",[17] is dit slegs in 'n relatiewe

sin waar. Die belydenis wat die minste erken word, is die Atanasiaanse belydenis, terwyl die Apostoliese geloofsbelydenis wel in die Weste algemeen aanvaar is, maar nie in die Ooste nie. Selfs die Nicaeno-Constantinopolitanum sou byna ekumenies genoem kan word behalwe dat die vorm waarin die Weste dit ken (met invoeging van die "filioque" ook nie werklik ekumenies in die volle sin van die woord is nie. Persoonlik verkies ek dat ons na hulle, ten minste wat die Apostolicum en Athanasinum betref, as die "Oud Christelike belydenisse" verwys en nie as "ekumenies" nie.

NOTAS

1. P.C. Schoonees (hoofred.), Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Pretoria 1955, 2.509 (s.v. Ekumenies).
2. P. Schaff, The Creeds of Christendom, New York and London ^{6}1931, 1.10.
3. J.N.D. Kelly, Early Christian Creeds, London ^{2}1960, 1.
4. Ambrosius, Epistula 42,5 (PL 16.1174A).
5. Ambrosius, Explanatio symboli ad initiandos (PL 17.1193B, 1195 D, 1196B).
6. Rufinus, Commentarius in symbolum Apostolorum 2, (PL 21.337A-B).
7. Augustinus, Sermo 240 (PL 39.2189).
8. J. Harduinus, Acta conciliorum et epistolae decretales ac constitutiones ss. Pontificum, Paris 1715, 9.842D-843A).
9. F.E. Vokes, Apostolisches Glaubensbekenntnis, Theologische Realenzyklopädie, Berlin/New York 1978, 3.543.
10. Aangehaal in J.C. Müller, Die symbolischen Bücher der evangelisch-lutherischen Kirche, Gütersloh ^{9}1900 xxxiii.
11. Ibid., 569.
12. Vir die genoemde belydenisse sien P. Schaff, The Creeds of Christendom, Grand Rapids, Michigan 1966, 3.362,393,492.
13. R.J.H. Collins, Athanasianisches Symbol, Theologische Realenzyklopädie, Berlin/New York 1979, 4.329,332.
14. J. Quasten, Quicumque, Lexikon für Theologie und Kirche, Freiburg 1963, 8.938.
15. F. Loofs, Athanasianum, Realencyklopadie fur protestantische Theologie und Kirche, Leipzig 1897, 2.179-180.
16. P. Schaff, The creeds of Christendom, New York and London ^{6}1931, 1.13.
17. Ibid., 1.12.